# Eenvoudige *Pesach*-viering

Alle aanhalings word geneem uit die PWL-vertaling[1], tensy anders vermeld. Hierdie dokument maak slegs van oorspronklike Hebreeuse name gebruik; spelling mag verskil van ander skrywers omdat transliterasie streng volgens fonetiese grondslag gedoen word. Ten einde aanhalings te onderskei van die eintlike teks, word aanhalings in blou aangebring, terwyl die verwysing(s) in oranje weergegee word. Sterk **pers** teks is betreffende handelinge; donkergroen teks slegs ter inligting en niks hiervan, insluitend ***opskrifte***, word gelees nie – slegs teks in swart en meegaande aanhalings uit Skrif word hardop gelees.

## *Vooraf*

Hierdie is slegs 'n gids tot 'n betekenisvolle samesyn tydens *Pesach*. Terwyl die Jode[2] en sommige ander kulture baie fieterjasies, gebruike en tierlantyntjies het, wil ons probeer om hierdie so na as moontlik aan Skrif en so eenvoudig moontlik te hou. Die *seder* begin by die *Pesach*-byeenkoms en word ononderbroke gevolg tot by die einde. Die woord '*seder*' is afkomstig van סדר (*Se-der*), wat eenvoudig vertaal as "ordelike verloop" en word na regte uitgespreek as sê-dêr.

Reg deur die *seder* word die Naam van ons Vader aangedui met die Tetragrammaton[3], יהוה, wat sommige mense uitspreek as "Ja-hoe-ah". Uit respek gebruik ons meestal in ons studiestukke en artikels die verkorte vorm, *YAH*, soos ook op baie plekke in Skrif gebruik word. Baie ander mense mag meer bekend wees met die uitspraak as *Yahweh* en uiteraard mag dit ook gebruik word. Ons het egter onlangs tot die slotsom gekom dat die tetragrammaton ten alle tye uitgespreek behoort te word as '*Adonai*', wat eenvoudig vertaal as "my Meester". Een van die redes hiervoor is die algemene onsekerheid oor die korrekte uitspraak en dit is nie ons plek om enigiemand in 'n spesifieke rigting te dwing nie.

Afhangende van persoonlike voorkeur kan hierdie gids voor of na die hoof maaltyd gebruik word. Aangesien dit slegs die herdenking is van *Yeshua* se dood aan 'n folterpaal en ook 'n geestelike terugblik op ons verlossing uit sonde, is daar geen spesifieke voorskrifte volgens Skrif wat gevolg moet word nie. Die atmosfeer bly egter te alle tye respekvol en afgesonderd. Die voorlesing kan afgewissel word met verskillende persone, indien vooraf so besluit word.

Voordat hierdie gids gebruik word, moet elke feesganger toegang hê tot 'n stukkie *matzah*, (ongesuurde brood), gekoop of tuisgebak en genoeg wyn of druiwesap vir vier glase per persoon. Glase hoef nie vol geskink te word nie. Die derde glas moet 'n 50/50 mengsel wees van water teen kamertemperatuur en wyn – die rede hiervoor word verduidelik tydens die gebruik daarvan.

Indien die tafel nog nie voorberei is nie, kan dit nou gedoen word. Afhangende van die hoeveelheid feesgangers, mag daar moontlik meer as een tafel wees. Indien die gasvrou op 'n kleurskema besluit,

---

[1] Die PWL, Pad van Waarheid tot die Lewe, is 'n vertaling wat gratis beskikbaar is direk van ons in die Vaaldriehoek, theway146@mailfence.com, of by die vertaler, Gerrie Coetzee, 074 361 2134, gerrie@padwlewe.org.za, of deur toepassings op die webwerf https://www.padwlewe.org.za.

[2] Hierdie benaming is na regte verkeerd, maar word so gebruik ten einde die breë spektrum gelowiges te laat verstaan van wie ons praat.

[3] Griekse woord vir "[wat bestaan uit] vier letters" en verwys altyd na die Skepper van hemel en aarde.

sal dit sinvol wees om alle tafels eenders te dek. Onthou ook om voorsiening te maak vir kinders en maak hulle deel van die voorlesing of as die getuies, selfs die twee vrae, bo aan p.3 en bo aan p.5. Anders as in tradisionele kerke, is kinders volledig deel van hierdie viering.

Daar moet voldoende *matzah* vir elke persoon wees, ongeveer so groot soos 'n sny brood. Dit behoort saam met al die ander breekware en eetgerei vooraf op die tafel te wees, gereed om te gebruik.

Op geen stadium word die Joodse *seder*-bord gebruik nie. Hierdie bord is geensins Skriftuurlik nie en sommige groepe mense plaas selfs eiers daarop, wat kwansuis lewe sou voorstel. Terwyl dit goed mag lyk en 'n aanloklike relaas daaromtrent vertel word, het dit egter ook 'n verbintenis met heidense vrugbaarheidisrituele en die gebruik van eiers tydens paasfees. Die *matzah* en wyn/druiwesap is voldoende om die nodige voorstellings te mag doen vir die lyding wat die volk van *Yisra'el* gehad het, sowel as die ongeredde persoon in sy sonde. Een of meer bakke skoon water kan op 'n afsonderlike tafel geplaas word, afhangend van die hoeveelheid feesgangers, om hul hande seremonieel te was – gemiddeld een bak vir elke ses persone. Ons stel voor dat een persoon 'n tweede se hande was, die tweede persoon die derde se hande was en so voortgaan. Ten laaste was die laaste persoon die hande van die eerste persoon. Sommige mense is onwillig om ander se voete te was, derhalwe stel ons hierdie metode voor.

Ons vind nêrens in Skrif die vereiste dat kerse tydens dienste of feeste gebruik moet word nie. Hierdie is slegs 'n tradisie en meer inligting is beskikbaar in ons artikel "Inleiding tot Shabbat[4]". Verwys ook na *Mishlei* 20:27 op die volgende bladsy. Ons wil voorstel dat almal sal sit tydens die verrigtinge. Daar kan vooraf bepaal word hoeveel persone die voorlesings sal doen en indien moontlik kan die persoon staan, ten einde ook beter gehoor te word. Alles behoort nou in orde te wees vir 'n wonderlike geleentheid en sodra almal hul sitplekke ingeneem het kan die verrigtinge begin.

Ons is oortuig dat geen lam fisies geslag moet word vir hierdie herdenkingsfees nie, alhoewel dit die gebruik is by sommige groepe. *Yeshua* was die volmaakte sondoffer, soos dit duidelik sal word gedurende die *seder*. Daar mag egter gebraaide lam gebruik word tydens die hoof maaltyd.

[4] https://silvertrumpetlife.files.wordpress.com/2023/02/inleiding-tot-shabbat-v7.pdf

# ***S E D E R***

## ***Die* Pesach-*byeenkoms***

Die tradisionele Joodse *Pesach*viering begin met vier vrae, maar daar is slegs een vraag in Skrif:

*Sh'mot* 12 [26]en as julle seuns julle sal vra: 'Wat beteken die diens?'

Die antwoord is in die volgende vers:

*Sh'mot* 12 [27]Dit is die *Pesach*offer aan יהוה, wat by die huise van die seuns van *Yisra'el* in *Mitzrayim* verbygegaan het, toe Hy die *Mitzray*iete geslaan, maar ons huise gespaar het.

Volgens Skrif behoort ons alle vorms van suurdeeg uit ons lewens en huise te verban voor en tydens hierdie tyd:

*Sh'mot* 12 [20]Julle mag niks met suurdeeg in, eet nie. In al julle blyplekke moet julle ongesuurde brode eet."

Ons mag niks met suurdeeg eet nie, want suurdeeg verteenwoordig sonde en hoogdrawendheid, wat nie in die lewe van 'n gelowige hoort nie. Ons sien:

1 Korintiërs 5 [7]Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons *Pesach*lam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. [8]As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid.

Die Hebreërs het vroeër die gebruik gehad om hul huise met 'n kers te deursoek voor die aanbreek van *Pesach*. Die rede hiervoor is dat Skrif ons leer dat die kers die lamp is wat die mens se gees verteenwoordig en tot in die binneste van jou wese soek, waar niks *YAH* se oog kan mis nie:

*Mishlei* 20 [27]Die gees van die mens is 'n lamp van יהוה, wat die dieptes van die innerlike deursoek.

Soos ons hier bo in 1 Korintiërs 5 gesien het, het ons nou reeds ontslae geraak van die ou suurdeeg; dit beteken ook kwade gevoelens teenoor ander mense, onvergewensgesindheid en selfs ongewenste gedagtes wat nie by enige gelowiges hoort nie.

Sedert die vernietiging van die tempel in *Yerushalayim* in 70 n*Y* kan geen offers gebring word nie. *Yeshua* is egter ons volmaakte Paaslam en die verdienste van redding van Sy versoeningsoffer is alomteenwoordig in die hemelse tabernakel. Daar hoef derhalwe tans geen offers gebring te word nie, behalwe ons dankbaarheid om deel te wees van die koningskap as priesters volgens die orde van *Malki-Tzedek*, soos ons sien:

1 *Kefa* 2 [9]Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,

Die priesters wat in *Yeshua* se tyd sou offer, is deur 'n geval van dood verhinder om hul pligte voort te sit, indien hulle dalk aan 'n lyk sou raak tydens hul aktiewe termyn. Daar is egter Een ewige Hoofpriester:

Hebreërs 7 [23]Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan, [24]maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie

[25]en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na *Elohim* toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,

Ons het ook die versekering dat *Yeshua*, deur die Gees wat Afgesonderd is, teenwoordig is by hierdie geleentheid en elke ander waar gelowiges bymekaarkom vir hierdie gedenkdiens, want Hy het ons belowe:

*Mattityahu* 28 [20b]let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal.

## *Drie getuies vir* Pesach

Ons word deur drie prominente mense herinner om die *Pesach* te herdenk:

***Mosheh***:

*Sh'mot* 13 [3]*Mosheh* het vir die volk gesê: "Onthou hierdie dag waarop julle uit *Mitzrayim*, uit die huis van slawerny, uitgegaan het, want deur 'n sterk hand het יהוה julle hiervandaan uitgelei; geen gesuurde brood mag geëet word nie.

***Yeshua***:

*Luqas* 22 [19]Hy neem brood en nadat Hy die dankgebed daaroor gebid het, breek Hy dit, gee dit aan hulle en sê: "Dít is My liggaam, wat in die plek van julle lewens gegee word; hierdie moet julle doen tot My gedagtenis." [20]Net so ook vir die beker ná die ete sê Hy: "Hierdie beker is die hernude verbond in My bloed, wat om julle onthalwe gestort sal word.

***Sha'ul***:

1 Korintiërs 5 [7]Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons *Pesach*lam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. [8]As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid.

Al drie hierdie persone en hul opdragte is ewe belangrik en geeneen kan bo 'n ander gestel word nie, dus kan ons amptelik begin met die openingseën.

## *Openingseën*

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, omdat U ons uit al die volke gekies het en ons afgesonder het deur U *Torah*, soos vervul deur *Yeshua*. U, יהוה, het ons uit 'n geestelike *Mitzrayim* uitgelei. U het ons afgesonder van ander volke en vir ons 'n nalatenskap gegee in U *Shabbat* en feeste, in vreugde en blydskap. Geseënd is U, יהוה, wat die *Shabbat* afgesonder het, dit wat ons met sononder sal binnegaan.

## *Aansteek van* Pesach*-kers*

Die vrou van die huis steek die kers aan en spreek die volgende seën uit:

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, omdat U ons afgesonder het deur vertroue in *Yeshua* , Dié Gesalfde Een, die Lig van die wêreld en in Sy Karakter en Outoriteit steek ons nou die *Pesach*-kers aan.

**Vraag**: Wat beteken hierdie seremonie vir jou?

**Antwoord**:

*Sh'mot* 12 [21]Toe het *Mosheh* al die oudstes van *Yisra'el* laat roep en vir hulle gesê: "Gaan haal vir julle lammers uit volgens julle families en slag die *Pesach*. [22]Vat 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is en smeer aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is en niemand van julle mag by die deur van sy huis uitgaan tot dagbreek toe nie, [23]want יהוה sal deurgaan om die hele *Mitzrayim* te slaan en wanneer Hy die bloed sien aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte, sal יהוה by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om in julle huise in te gaan om julle te slaan nie. [24]Julle moet dit hou as 'n vasgestelde tyd vir julself en vir jul kinders, vir ewig. [25]Dit sal wees as julle in die land kom wat יהוה aan julle sal gee, soos Hy beloof het dat julle hierdie diens sal hou [26]en as julle seuns julle sal vra: 'Wat beteken die diens?' [27]dan moet julle sê: 'Dit is die *Pesach*offer aan יהוה, wat by die huise van die seuns van *Yisra'el* in *Mitzrayim* verbygegaan het, toe Hy die *Mitzray*iete geslaan, maar ons huise gespaar het'." Toe het die volk neergebuig en met hulle gesigte op die grond gelê. [28]Die seuns van *Yisra'el* het gegaan en gedoen soos יהוה aan *Mosheh* en *Aharon* beveel het, so het hulle gedoen. [29]Dit het gebeur om middernag dat יהוה al die eersgeborenes in *Mitzrayim* geslaan het; van die eersgeborene van Farao af, wat op sy troon gesit het, tot by die eersgeborene van die gevangene wat in die tronk was, asook al die eersgeborenes van die diere. [30]Farao het in die nag opgestaan, hy, al sy diensknegte en al die *Mitzray*iete en daar was 'n groot uitroep in *Mitzrayim*, want daar was geen huis waarin iemand nie dood is nie. [31]Hy het *Mosheh* en *Aharon* in die nag laat roep en gesê: "Staan op, gaan weg onder my volk uit, julle sowel as die seuns van *Yisra'el* en gaan dien יהוה soos julle gesê het. [32]Vat ook julle kleinvee en julle beeste saam soos julle gesê het, gaan weg en seën my ook." [33]Die *Mitzray*iete het aangehou by die volk, om hulle haastig uit die land uit te stuur, want hulle het gedink: 'Ons sal almal sterf!' [34]Toe neem die volk hulle deeg voordat dit ingesuur was, met hulle bakskottels, in hulle klere toegebind, op die skouers. [35]Die seuns van *Yisra'el* het gedoen volgens die woord van *Mosheh*: hulle het van die *Mitzray*iete silwer en goue goed en klere gevra [36]en יהוה het aan die volk guns verleen in die oë van die *Mitzray*iete en dié het hulle versoek toegestaan. So het hulle die *Mitzray*iete geplunder. [37]Die seuns van *Yisra'el* het van *Ra'amses* na *Sukkot* gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders. [38]'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermate baie lewende hawe. [39]Hulle het van die deeg wat hulle uit *Mitzrayim* gebring het, ongesuurde koeke gebak, want dit was nie ingesuur nie omdat hulle uit *Mitzrayim* uitgedryf is en hulle dus nie plat koeke kon bak nie en ook geen kos vir hulleself voorberei het nie. [40]Die tyd wat die seuns van *Yisra'el* in *Mitzrayim* gebly het, was vier honderd en dertig jaar. [41]Dit het gebeur aan die einde van vier honderd en dertig jaar, op dieselfde dag het dit gebeur dat al die leërmagte van יהוה uit *Mitzrayim* uitgegaan het. [42]Dit is 'n nag van herinnering tot eer van יהוה omdat Hy hulle uit *Mitzrayim* uitgebring het. Dit is dié nag van יהוה, 'n vasgestelde tyd om onderhou te word deur al die seuns van *Yisra'el* in hulle geslagte. [43]יהוה het vir *Mosheh* en *Aharon* gesê: "Dit is die instelling van die *Pesach*: géén vreemdeling mag daarvan eet nie, [44]maar elke slaaf van 'n man wat met geld gekoop is, wanneer jy hom besny het, dan mag hy daarvan eet. [45]'n Besoeker of 'n huurling mag nie daarvan eet nie. [46]In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie en julle mag geen been daarvan breek nie. [47]Die hele bymekaarkoms van *Yisra'el* moet dit hou. [48]As 'n besoeker by jou bly en tot eer van יהוה die *Pesach* wil vier, moet almal wat manlik is by hom, besny word en dan

mag hy nader kom om dit te vier en hy sal soos ’n kind van die land wees, want géén onbesnedene mag daarvan eet nie. [49]Een wet sal geld vir die kind van die land en vir die besoeker wat onder julle bly.” [50]So het al die seuns van *Yisra’el* gedoen. Soos יהוה *Mosheh* en *Aharon* beveel het, so het hulle gedoen. [51]Dit het so gebeur dat יהוה die seuns van *Yisra’el*, volgens hulle leërafdelings, op daardie selfde dag, uit *Mitzrayim* uitgelei het.

## Was van hande

Ons is almal priesters in diens van ons Koning, יהוה. Ten einde onsself waardig voor Hom te stel, is dit nodig dat ons in onpartydige opregtheid voor Hom kan staan, met 'n rein gewete, asook 'n rein verstand, wil en emosie:

*Mizmor* 24 [3]Wie mag opgaan op die berg van יהוה of wie mag staan in Sy Afgesonderde Plek? [4]Hy wat rein hande en ’n suiwer verstand, wil en emosie het, wat nie valslik by sy lewe gesweer en nie met misleiding ’n eed afgelê het nie.

Hiervoor is dit belangrik dat elke feesganger se hande seremonieel gewas sal word om in waardigheid aan hierdie feesmaal te kan meedoen.

**Almal was hande/voete in die water.**

## Die Beker van Toewyding

Die eerste beker verteenwoordig die eerste van vier beloftes wat יהוה gemaak het: “Ek sal julle uitbring.” *YAH* het ons afgesonder vir Sy diens; ons is Sy kinders en Hy is ons *Elohim*. Ons sien hierdie beloftes:

*Sh’mot* 6 [6]Sê daarom vir die seuns van *Yisra’el*: ‘Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die *Mitzray*iete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele. [7]Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle *Elohim* wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle *Elohim*, is wat julle onder die las van die *Mitzray*iete uitbring [8]en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan *Avraham*, aan *Yitz’chaq* en aan *Ya’aqov* te gee en Ek sal dit aan julle as ’n besitting gee. Ek is יהוה.”

Die eerste beker is dus om ons te herinner dat ons van ons sondes gereinig is, deur die bloed van *Yeshua*, ons Paaslam. Ons sien:

*Yesha’yahu* 1 [18b]‘Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol.’

Die vyand kan ons nie meer veroordeel en ons onwaardig laat voel nie, want ons is nou rein kinders van die Skepper-Lewende *Elohim*.

(uit *The Torah Blessing* deur Larry Hutch)

## Seën oor die eerste beker

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, omdat U ons hierdie herdenking laat ervaar van ons vryheid in U deur die fees van *Pesach*, ons geestelike vertrek uit *Mitzrayim*.

**Almal drink die eerste beker.**

## Vars kruie – Karpas

Die volk van *Yisra'el* was erg onderdruk as slawe in *Mitzrayim* en het uitgeroep tot *Elohim*. Ons lees:

> *Sh'mot* 3 [7]יהוה sê: "Ek het aandag gegee aan die onderdrukking van My volk wat in *Mitzrayim* is en Ek het hulle uitroep oor hulle taakdrywers gehoor, want Ek is bewus van hulle smarte.

Ons gebruik nou hierdie vars groen kruie in die voorbereiding van ons maaltyd, wat die smarte en trane van die slawe voor te stel. Dit is dieselfde trane wat ons gestort het terwyl ons nog in sonde geleef het.

## Bitter kruie – Maror

Volgens Skrif moes *Pesach* in *Mitzrayim* gevier word deur die eet van die paaslam met bitter kruie. Ons kan onsself herinner aan die lyding en vervolging in ons sondige lewens deur die eet van bitter kruie. So bitter as wat hierdie kruie is, so bitter was die slawerny van sonde waarin ons geleef het. Derhalwe word dit gebruik in die maaltyd wat voorberei word.

## Die Beker van Verlossing

Met die gebruik van die tweede beker onthou ons die tweede belofte wat *YAH* gespreek het: "Ek sal julle loskoop en julle red uit slawerny." Hierdie beker herinner ons aan die volk in *Mitzrayim*, asook ons verlossing vanuit sonde, die verbreking van die wet, soos ons verduidelik word:

> 1 *Yochanan* 3 [4]maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.

Hierdie verlossing is slegs moontlik deur vertroue in *Yeshua*, Dié Gesalfde Een.

Die *Mitzray*iete is opgelê met plae wat deel was van hul afgodediens: bloed, paddas, luise, vlieë, peste, swere, hael, sprinkane, duisternis en dood van die eersgeborenes.

Miljoene mense noem hulself christene omdat hulle glo 'n christelike lewe is om *Yeshua* se lewe op aarde te bewonder. Indien hulle egter tot die besef kom dat *Yeshua* se lewe eintlik tree vir tree nagevolg moet word, sal getalle drasties afneem. Die Apostoliese Skrifte ("nuwe testament") kan dit nie duideliker stel nie: ons moet nie net in *Yeshua* se dood aan die folterpaal glo nie, ons moet ook daardie ervaring saam met *Yeshua* meemaak in volle gehoorsaamheid.

Indien jy duidelik die stem van *Yeshua* hoor, die woorde lees wat Hy gespreek het, sal jy 'n volledige prentjie kry van wat Hy van Sy navolgers verwag. Moderne predikers en skrywers vorm 'n totaal verkeerde beeld van wat dit beteken om *Yeshua* na te volg. Is daar 'n groter katastrofiese probleem as dit?

Miljoene mense word geleer hulle kan christene word en dat dit hulle niks sal kos nie – en hulle glo

daardie leuen! Daar is selfs diegene wat die vermetelheid het om te glo dat hul lewens sal verbeter wanneer hulle 'n 'sondaargebedjie' opsê en *Yeshua* in hul harte nooi. Dit is nêrens in Skrif nie, daarom het *Yeshua* egter die teenoorgestelde verkondig.

Ons word herinner hoe om Dié Gesalfde Een te volg met die viering van *Pesach* deur die woorde:

> *Yochanan* 4 [22]Julle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken. Hy wat Lewe is, is vanuit die *Y'hudim*,

(uit *Letters To The Church* deur Francis Chan)

## Seën oor die tweede beker

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd.

**Almal drink uit die tweede beker.**

## Inlywing tot YAH se Koninkryk – Charoset

Deur *Yeshua* se kruisdood word ons bevry van sonde, soos ons sal sien met die volgende beker. Tydens wedergeboorte, 'n geboorte van bo deur *Ruach haQodesh*, word ons ook ingelyf by die Koninkryk van יהוה. Dit verander die bitter kruie wat ons vroeër gehad het na iets wat 'n soet smaak op die tong laat – iets wat nie noodwendig geëet hoef te word nie, maar wel as nagereg kan dien, indien so verkies. Die pleister waarmee die slawe hulle bouwerk gedoen het, het verseker dat hulle werk lank sou kon voortbestaan. As gelowige navolgers is ons elkeen 'n lewende steen en word ook so in die Koninkryk van *Elohim* ingemessel.

## Die Beker van Bevryding

Hierdie derde beker verteenwoordig die derde belofte wat יהוה aan Sy mense gemaak het: "Ek sal julle bevry." Daar word geglo dat dit die derde beker was wat *Yeshua* geneem het soos ons lees:

> *Luqas* 22 [20]Net so ook vir die beker ná die ete sê Hy: "Hierdie beker is die hernude verbond in My bloed, wat om julle onthalwe gestort sal word.

In hierdie derde beker, die beker van verlossing, is die vrug van die wingerd. Volgens oorlewering word die wyn in hierdie beker gemeng met warm (kamertemperatuur) water om die bloed en water te verteenwoordig wat uit *Yeshua* se liggaam gevloei het tydens sy folterdood.

Hier moet ons vir 'n wyle stilstaan en 'n belangrike kenmerk van die beker van bevryding ondersoek. Uit die *Mishnah*, 'n bundel leringe van antieke rabbi's, word ons geleer "die *Pesach* wyn was rooi en gemeng met warm water". (*Pesachim* 7:13)

Indien ons 'n moderne Rabbi sou vra waarom wyn en warm water gemeng word, sal hy jou vertel dat hierdie mengsel die beste verteenwoordiging is van die bloed van die *Pesach*-lam. Hierdie tradisie noodsaak ons om daardie tragiese, dog blye, dag te onthou toe die perfekte Lam van *Elohim* vir ons geoffer is.

*Yeshua* het aan daardie folterpaal gehang vir ses ondraaglike ure. Hy het sopas die bekende woord geuiter: "*Nigmar* – dit is afgehandel." *Miryam*, Sy moeder, het gesien hoe Hy as Baba Sy eerste asemteug neem en nou, terwyl sy staan en ween by die folterpaal, moet sy toesien hoe Hy Sy laaste asem uitblaas – *YAH* se perfekte verlossingsplan om die siel van elke mens op hierdie vervloekte aarde los te koop.

Ons word vertel in *Yochanan* 19:33-34 dat die Romeinse soldate *Yeshua* se bene wou breek, maar agtergekom het dat Hy reeds dood is. Een van die soldate het egter sy spies in *Yeshua* se sy gesteek en daar het bloed en water uitgekom. Let op: eers bloed, daarna water. Die bloed is vir die geestelike (hemelse) reiniging en die water vir die fisiese (aardse) reiniging

Dit is ironies en hartseer dat die gekose, uitverkore volk van *Elohim* deur die eeue heen, tot vandag toe, 'n seremoniële beker wyn, die "beker van bevryding", meng met water sonder om die volle, beduidende prentjie te kan sien: *Yeshua*, die sondelose Lam van *Elohim*, die finale *Pesach*-offer, Wie se bloed, gemeng met water, op *Gulgolta* uitgestort is!

## Seën oor die derde beker

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd. Geseënd is U, *Yeshua*, Dié Gesalfde Een, omdat bloed en water gevloei het toe U vir ons U lewe neergelê het vir ons verlossing.

**Almal drink uit die derde beker.**

## Die Matzah

Ons leer uit Skrif dat die volk van *Elohim* baie vinnig uit *Mitzrayim* moes padgee en hulle brood het nie kans gekry om uit te rys nie. Die *matzah* – ongesuurde brood – is 'n herinnering aan die vinnige vertrek uit *Mitzrayim* en dat ons lewe sonder 'suurdeeg' (sonde) behoort te wees.

Toe *Yeshua* saam met Sy *talmidim* (studentevolgelinge, dissipels), die afskeidsmaal gehou het, het Hy die brood en die vierde beker geneem:

> *Mattityahu* 26 [26]Terwyl hulle eet, vat *Yeshua* die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en sê: "Neem, eet, dit is My liggaam."

## Seën oor die matzah

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, wat vir ons die brood uit die aarde voortbring.

**Almal eet 'n stukkie *matzah*.**

## Die Beker van Lofprysing

Die vierde en laaste beker word vir ons gegee om *Elohim* te prys vir Sy Verlossing. Met die gebruik

van hierdie beker lig ons lofprysinge op na יהוה vir alles wat Hy reeds vir ons gedoen het en nog gaan doen. Hy is ons *Elohim* en ons is Sy mense. Ons ervaar hiermee ook die vierde en laaste belofte:

> *Sh'mot* 6 [7a]"Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle *Elohim* wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle *Elohim*, is."

Die vierde beker tydens die *Pesach*-maal is die "beker van lofprysing". *Yeshua* het nie hierdie beker op aarde gedrink nie. Na die derde beker het Hy gesê:

> *Mattityahu* 26 [29]"Ek sal van nou af glad nie weer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die Koninkryk van My *Elohim*."

Die dag sal kom wanneer *Yeshua* Sy Bruid kom haal, die "inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van *Elohim*" (Efesiërs 2:19b). Ons sal saam met Hom die huweliksmaal van die Lam geniet – 'n hemelse *Pesach*-maal, soos beskryf word in Openbaring 19:7-9.

Soos ons *Yeshua* sien as die finale *Pesach*, wanneer Hy Sy lewe vir ons aflê, lees ons:

> *Mattityahu* 26 [27]Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit, [28]want dit is My bloed, van die hernude verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes,

## Seën oor die vierde beker

Geseënd is U, יהוה, ons *Elohim* en Koning van die heelal, Skepper van die vrug van die wingerd.

**Almal drink uit die vierde beker.**

# Einde van *seder*

**So eindig dan die herdenking van *Pesach*, 'n viering wat gedoen word om die uittog van *Elohim* se mense uit *Mitzrayim* in herinnering te roep, maar ook om *Yeshua* te erken as ons perfekte *Pesach*-lam. Indien die ete nog nie bedien is nie, is dit nou die gulde geleentheid daarvoor.**

Sommige aanpassings is gemaak uit die oorspronklike Engelse teks sowel as die voorlesings om dit in lyn te bring met ons oortuigings asook die oorspronklike name.

Hein Zentgraf
theway146@silvertrumpet.net

Opgestel, vertaal en bygewerk op 14 *Aviv* 5780 (8 April 2020) tydens nasionale inperking om gebruik te kan word deur middel van sosiale platforms soos Facetime, Telegram of Zoom.

Aangepas op 16 *Adar* 5781 (28 Februarie 2021) om weereens op verskeie platforms te kan gebruik vir langafstand vieringe tussen *Torah*-gelowiges.

Aangepas op 14 *Adar* II 5782 (17 Maart 2022) op versoek van nuwelinge op die Weg van Waarheid om te gebruik tydens byeenkomste.

Aangepas op 8 *Aviv* 5782 (9 April 2022) met 'n byvoeging van die betekenis van die kers (lamp).

Aangepas op 5 *Adar* 5783 (27 Februarie 2023) vir beter leesbaarheid en korrigering van sekere tekste, asook 'n beter orde.

Aangepas op 14 *Aviv* 5784 (23 April 2024) waar 'dood' op p. 3 meer volledig beskryf word. Die term "nuwe verbond"  is vervang met "hernude verbond", aangesien geen verbond verval het nie, maar slegs aangepas en hernu is as gevolg van ons onvermoë om dit volkome na te kom. Die *seder*-maal vind nie plaas tydens *Shabbat* nie en is dus aangepas op p. 4.

Aangepas op 20 *Adar* 5786 (8 Maart 2026) waartydens ons die gebruik van *karpas*, *maror* en *charoset* staak en dit slegs beskou as 'n geestelike ervaring. Net soos met die *seder*-bord, kom dit nêrens in Skrif voor nie en hoef ons nie die tradisie van mense na te volg nie. Dit word wel in die voedsel gebruik.

Erkenning word gegee aan Tim Hillis (https://www.remnantnation.org) vir haar Engelse gids waarvolgens hierdie Afrikaanse gids gerig is. dit het intussen onder ons aandag gekom dat hierdie webwerf nie meer aktief is nie en ons het dit onder die eienaar se aandag gebring

Baie dankie aan Johan Kriel vir sy skerp oog, woorde van wysheid en om seker te maak ons bly op die regte pad.

יהוה se Woord het geen kopiereg nie, dus mag hierdie gids vrylik gebruik word, sonder enige veranderinge.